Bou die kerk met omsigtigheid – Dit moet 'n vuurvaste kerk wees!!

1 Korintiërs 3: 10 – 17
10. *Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos 'n goeie bouer die fondament gelê, en 'n ander bou daarop. Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder bou,*
11. *want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus.*
12. *Of dit goud, silwer, edelstene, hout, gras of strooi is waarmee iemand op die fondament bou,*
13. *elkeen se werk sal aan die lig kom. Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word. Die dag kom met vuur, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets.*
14. *As iemand se bouwerk bly staan, sal hy beloon word;*
15. *as iemand se werk verbrand, sal hy nie beloon word nie, en tog sal hy self gered word, maar soos iemand wat uit die vuur geruk is.*
16. *Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?*
17. *As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.*

Inleiding:
Die opskrif kan dubbelsinnig klink! 'n Vuurvaste kerk kan die goed geboude struktuur van die kerkgebou wees. Maar dit kan ook 'n gemeente wees wat bestand is teen die aanslag van die vuur van die hel self! Dit gaan in ons teks oor die gelowiges, die kerk van Christus, wat bestand is teen die oordeel van God.

Paulus plaas twee baie belangrike teologiese konsepte in hierdie kort perikoop. Daar is twee geleenthede waar God oor die lewe van Christene sal oordeel aan die einde van hulle lewe. Dié oordeel word met vuur vergelyk wat die karakter van ons Christelike lewe sal toets.

Die eerste oordeel hou verband met ons verlossing. Dit vra of ons name in die Boek van die Lewe geskrywe is. Die enigste manier hoe ons lewe in die boek van die lewe kan kom, is wanneer ons op die ferm fondament van Jesus Christus staan. As ons lewens en ons verhouding met God gebou is op die verlossingswerk van Jesus Christus, word ons uit genade en op grond van dié fondament waarop ons ingemessel is, vrygespreek.

Hulle wat in hierdie eerste oordeel deur Gods groot ontferming vrygespreek is, het ook die ewige lewe by God ontvang. Tog praat ons teks ook daarvan dat hulle, hoewel hulle gered is en hemel toe gaan, nogtans ook voor 'n tweede oordeel voor moet God gaan staan. Dit is nie die oordeel oor of ons hemel toe of verlore gaan nie, maar 'n beoordeling van wat ons met die lewe gemaak het, wat ons in Christus ontvang het. Wat ons met ons verloste lewe doen, is vir God baie belangrik.

Paulus neem die analogie waarin hy ons lewe met 'n gebou vergelyk, nog verder. Redding vir die hemel is soos die fondament van die gebou. Maar dan het ons 'n keuse oor waarmee ons op daardie fondament gaan bou. Sommige se lewe kan vergelyk word met kosbare metale waarmee gebou word en ander se lewe weer, kan vergelyk word daarmee dat hulle sommer maar net met alles wat maklik bekombaar is en niks van ons vra nie, op die fondament bou. Dit verg geen opoffering van hulle nie en het min waarde.

Die tweede oordeel het alles te doen met ons werke; met dit waarmee ons ons lewens vul en daar sal gevra word of dit die waarde-toets en die gehalte-toets van die vuur van God se oordeel sal kan weerstaan. Ons lewens is of een wat God verheerlik – of 'n bouval wat nie tot eer van die beginsel daarvan, Jesus Christus, strek nie. : 'n Bouval hoort nie op 'n duursame, duurgekoopte, ewige fondament nie.

Hoe lyk die lewensgebou wat ons op die genadige grondslag van Jesus Christus gebou het – 'n pragtige huis vir sy eer, of 'n bouval met gevaarlike risiko's vir onsself, almal wat ons ken en vir die werk van die Here! Verbeel jou jy het die ewigheid om oor hierdie vraag, na te dink!

Is die lewenshuis wat jy op Christus bou, vuurbestand?
Ons moet, sê ons teks, baie versigtig, verantwoordelik, nadenkend in alles, bou op die fondament. Die Korintiërs twis onder mekaar oor wie se teologiese sieninge en leiers eintlik geldig is(sien hfst 1 en 2). Die resultaat van die tweespalt is nie goud of silwer nie, maar kaf en hooi!

Paulus het self die fondament gelê. Hy het seker gemaak dat hulle geloof en lewe op en in Jesus Christus gegrond is. Hulle moet goed verstaan wat dié fondament nou eintlik beteken! Hulle moet in alles dankbaar daaroor wees en die grondslag van hulle redding, Jesus, eer en prys.
Paulus waarsku dat die manier waarop hulle van mekaar verskil, nie lyk asof hulle weet dat hulle op Christus en sy evangelie moet bou nie. Hulle moet oppas dat hulle Christus nie vir menslike wysheid en insig verruil nie, want as jy nie begryp wat dit beteken om op Jesus te bou nie, sal jy verkeerd bou; met verkeerde werke en gesindhede bou en dus nie die vrug dra, wat by 'n begenadigde lewe pas nie!

Paulus plaas bogenoemde waarheid waaroor hy reeds vroeër in die brief gehandel het, hier in nuwe woorde. Die boodskap van die kruis moet die manier waarop ons met ons lewens op die fondament Jesus bou, bepaal. Die feit dat ons teen hout en gras vir goud en silwer kies, het alles te make met ons begrip van wat dit beteken om op Christus gebou en in Hom gegrond te wees.

Die punt wat Paulus maak as ons dié keuses van ons lewens uitoefen is: Sal dit vuurbestand wees; sal dit ook die toets van God se heiligheid en heerlikheid weerstaan. Deur die geskiedenis van Ou en Nuwe Testament het profete en apostels gewaarsku, dat die lewe van gelowiges deur God beoordeel word. Nie net aan die einde van ons lewens nie en oor ons ewige bestemming nie, maar elke dag, maak God met ons bemoeienis om te bepaal of die lewe wat ons op sy verlossing bou, Hom behaag, eer en tot ons beswil is.

Die groot vraag is dus: Is die boumateriaal van ons lewe van elke dag, een wat die vuurproef van God se beoordeling sal kan slaag?

Die afgelope dekades het verskeie vrae in die kerk populêr gemaak. Vra soos: Hoe kan die kerk die resultate van die moderne wetenskaplike mens oorleef? Is die kerk relevant vir die wêreld van vandag? Hoe kan die kerk meer suksesvol, meer mense betrokke maak?

Antwoorde hierop wissel van nuwer bestuurstegnieke en bestuursfilosofieë. Van Arminiaanse popularisering van die boodskap - tot 'n ontmitologisering en gepaardgaande aanpassing van die boodskap van die heilige Skrif. Dit gaan dikwels oor 'n ander "spyskaart" vir die sogenaamde nuwe aptyt van die moderne kerkmens en baie meer!

Sommige van bogenoemde vrae maak sin en het 'n plek in ons poging om God se werk so goed moontlik te doen. Maar dit bly ONS vrae oor God se werk; ons verantwoordelikheid binne die grense van God se Woord, droom en sy Koninkryk!

Ons teks waarsku egter dat God ander vrae vra en 'n ander toets aanlê! Die vuur van sy oordeel handel oor hoe ons omgegaan het met die fondament van ons verlossing: Jesus Christus!

Gods se vraag is, of dit wat ons doen in die regte verhouding staan tot die fondament Jesus Christus wat die apostels, die kerkvaders, en ja die Heilige Gees self, in ons harte en vir ons gemeentes gesê het!

Die probleem kan vandag wees, dat getalle en allerlei allegorieë uit die sake-omgewing, die wetenskap en selfs die politieke arena op so manier beslag kry in ons visie, ons droom en ons verwording van wat God reeds gesê het, dat dié strategie nie meer plek het vir die verleentheid van die kruis, die selfopoffering van elkeen wat sy of haar kruis opneem en Jesus volg en met liefdevolle trou en gehoorsaamheid niks anders wil weet of verkondig nie, as Jesus, en Hom as gekruisigde! Want slegs die genadige kruis-evangelie, en niks anders nie, is teen die vuurproef van God bestand!

Ja, ons moet praat en dink oor die toerusting van gelowiges; oor die taal en styl van ons oordrag en proklamasie van die koninkryk; ja, die kruis-evangelie moet elke keer weer mens word, vlees word, in ons tyd en kultuur! Maar ook net as dit outentiek die kruis-evangelie bly! As dit oor Jesus as God se Middelaar, God en mens se verhouding gebou op Christus en sy verlossingswerk en oor ons sonde en ons behoefte aan vergifnis gaan. As dit eers oor God se eer en dan oor sy oplossing vir ons nood en verlorenheid gaan; as dit Jesus in die sentrum van die proklamering van die koninkryk hou, sal ons werk vir die Here vuurbestand wees, want ook dit getuig net van sy genade!

Toepassing:
Die tweede oordeel gaan oor ons werke! Gaan ons werk en ons bediening van God se mense ons werke verfyn en veredel soos vuur met goud maak – of dit vernietig omdat dit niks meer as mensgerigte truuks geword het wat mode-maniere gebruik om beter vermaak, lekkerder musiek en ‘n makliker, vlak evangelie op te dis nie. Veral ‘n evangelie wat niks meer sê of nie verband hou nie, met die fondament waarop alles in die Christendom rus: Jesus Christus, die ewige Seun van God wat een van ons geword het, om die straf op ons sondes te dra, sal in die vuurproef misluk!

Dit is net die werke wat God se liefde en genade, sy ontferming en passie vir sondaars eer, en hoop gee aan ‘n siek, verlore gaande wêreld, wat die barmhartige God kan eer en verheerlik!

Dink na oor die mooie huis wat jy besig is om vir God te bou! Sal dit teen hierdie vuurproef bestand wees, of soos droë gras en blare, saam met die wysheid van die goddelose (sien Ps 1) soos as deur die winde van die ewigheid, verstrooi word!

Verbeel jou ‘n oomblik, jy moet in God se ewigheid, hieroor nadink!
In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees, Amen.

Om oor die preekskets te gesels, skryf gerus aan Andries Combrink by info@cpk.co.za